# Macbeth

## William Shakespeare

THINK DIGITAL ACADEMY



# Oorwinning en Verslaning



In Dunsinane Kasteel het Koning Duncan van Skotland op nuus gewag. Sy soldate het teen 'n rebelle weermag daar naby geveg. As hulle verloor het... Hy het probeer om nie daaraan te dink nie.



Die deure na die troonkamer het oop geval en Duncan se seun het ingestruikel terwyl hy 'n gewonde vegter ondersteun. “Vader,” het Prins Malcolm gehyg, “hierdie man het pas van die slagveld af gekom!”

“Enige nuus?” het die koning senuweeagtig gevra. “Oorwinning majesteit,” het die vegter gehyg, “danksy jou generaal, Macbeth.”



Koning Duncan het van verligting gesug. “Kry vir die man 'n dokter,” het hy beveel, terwyl Malcolm die vegter uit die kamer gehelp het. Toe het Duncan sy betroubare adviseur, heer Ross, geroep. “Gaan na Macbeth,” het hy gesê, “en sê vir hom dat ek hom vir sy dapperheid sal beloon.”



# Die Hekse



Intussen het Macbeth en sy vriend Banquo van die slagveld af huis toe gery. Op een slag het mis op gekom wat om hulle dwarrel het en die lug het donker geword. Macbeth het sy perd met 'n skree van skrik opgetrek. Voor hulle het drie figure uit die mis vir hulle gewag. Hulle was ou, lelike hekse, almal geklee in swart mantels.

“Wie is julle?” het Macbeth geroep. Hy het probeer om dapper te klink, maar binne was hy dood bang. “Groete Macbeth, Heer van Cawdor en toekomstige koning van Skotland!” het die hekse gekekkel.



“Wag, wat bedoel jy?” het Banquo geëis. “Wie sê Macbeth is die heer van Cawdor?” Maar die figure het verdwyn.

Macbeth se oë het groot geword. “Was hulle hekse?” het hy gefluister.



Voordat Banquo kon antwoord, het 'n ruiter uit die mis gery. Dit was Heer Ross.

“Macbeth,” het hy geroep. “Ek bring goeie nuus. Koning Duncan het jou heer van Cawdor gemaak.”

Banquo was verstom. “So hulle was tog reg,” het hy gedink. Hy het omgedraai om na sy vriend te kyk. Maar Macbeth het ingedagte in die verte gekyk.



# Moordelike Plannne



In die hoogste toring van Inverness Kasteel was Gravin Macbeth besig om 'n brief van haar man te lees. “Wel, wel, drie hekse het gesê jy sal die koning word!” het sy gemompel. “Maar is jy dapper genoeg om ons drome te bewaarheid?”



Terwyl sy nadink het die deur oop gegaan en Macbeth het in gekom. Hy het sy swaard en helm op die bed gegooi en sy vrou omhels.

Sy het terug gestap en in sy oë gekyk. “My man,” het sy gesê, “as jy koning van Skotland wil wees, staan net een man in jou pad – en dit is Duncan.”

Macbeth het sy oë toegemaak. Vandat hy die hekse ontmoet het, was hy geteister deur sy gedagtes om Duncan dood te maak. Hy wou koning word, net soos hulle belowe het.



Maar die gedagte aan moord het hom met vrees vervul.

“Nee,” het hy gesê en het weg gedraai.

“Jou lafaard!” het gravin Macbeth gespoeg. “Dit is jou kans om koning te wees. Almal weet jy verdien dit. Wat meer is, Duncan kom kuier hierdie einste aand!”

Macbeth het weer gedink. Hy kon dit nie doen nie - kon hy? Die gedagte aan 'n glinsterende kroon het sy hart gevul met opgewondenheid en begeerte.



# Dood in die Nag



Die groot saal van Inverness Kasteel het gelui van musiek en gelag. Aan die einde van die tafel het die koning met Gravin Macbeth gepraat.



Intussen het Macbeth alleen in die maanverligte binnehof gestaan. Hy het besluit – koning Duncan sou sterf. Hy het net gewens dat dit verby en klaar was.


Stadig het hy na die groot saal gestap en gebid dat die ure vinniger sal verby gaan.



Uiteindelik het Duncan en sy here gaan slaap en die bediendes het die fakkels dood gemaak. Stilte het die donker kasteel gevul. Macbeth het diep asem gehaal en sy voorkop af gevee. Dit was tyd.



Maar toe hy die trappe na Duncan se kamer nader, stop hy dood. Het sy gedagtes toertjies gespeel? In die donker kon hy 'n dolk sien wat drup van bloed.



Hy het sy kop geskud. Daar was niks daar nie. Met sy eie dolk in sy hand het Macbeth die trappe op geklim…



Die volgende oggend het die kasteel wakker geword van 'n verskriklike gehuil uit Duncan se kamer. “Moord! Moord!” Almal het uit die bed gespring en gehaas om te kyk wat het gebeur.



Hulle het koning Duncan gou gevind – dood. “Wie het dit gedoen?” het Macbeth gebrom. Niemand het 'n antwoord gehad nie. Net Macbeth het die waarheid geweet en hy het dit vir homself gehou.

In stilte het die here na hul dooie koning gestaar.



# Om 'n Vriend Dood te Maak



'n Week het verby gegaan. Macbeth het alleen in die groot troon kamer by Dunsinane Kasteel gesit en dink. Ná Duncan se moord het Prins Malcolm vermis geraak en die here het Macbeth in sy plek gekroon. Hy was koning!

Nou het hy alles gehad wat hy wou hê. Maar hy was nie gelukkig nie. Hy het aan Banquo gedink. Banquo het geweet van die hekse. Wat as hy raai wie Duncan vermoor het?



Daar was net een oplossing – Banquo sou ook moes sterf. Macbeth het 'n bediende geroep.

“Luister mooi,” het Macbeth vir hom gesê. “Vanaand hou ek 'n feesmaal vir al my here. Kry Banquo en maak seker dat hy nooit opdaag nie.” Die dienaar het gebuig en vertrek.



Macbeth het weer alleen gedink aan sy beste vriend Banquo, wat binnekort dood sou wees.

’n Siek gevoel het oor hom gespoel, bestaande uit vrees, hartseer en verskriklike, verskriklike skuld gevoelens. Sy lewe was besig om in 'n nagmerrie te verander.



Daardie nag het twee perde ruiters deur die donker woud gedraf, op pad na die fees. Dit was Banquo en sy seun Fleance.

Fleance het gebewe en sy mantel stywer om sy skouers getrek.

“Lyk soos reën,” het Banquo gebrom. “Laat dit stroom,” het 'n stem uit die bosse gesê.



Voordat Banquo kon reageer, was hy op die grond met iemand se knieg op sy bors. Mans het oral rond om hom gestaan, hul dolke blink in die donker. “Gaan!” het Banquo vir Fleance geskree. Die verskrikte seun het sy perd om gedraai en so vinnig as moontlik weg gejaag.

Banquo het na sy swaard gestrek, maar dit was te ver weg. Daar was niks wat hy kon doen nie. Hy het sy oë toegemaak soos die dolke nader gekom het …



# Die Spook



Macbeth se fees was amper verby toe iets verskrikliks gebeur het. Hy het rond gekyk na die gelukkige gaste en geglimlag. Toe vries hy. Daar, aan die punt van die tafel, het Banquo gestaan. Macbeth het op sy voete gestruikel en uit geroep van vrees.



Op een slag het almal opgehou praat. “Wat is fout, my liefste?” het Gravin Macbeth gevra.

“Jy moet dood te wees!” het Macbeth gesê en het na Banquo gewys.

Die here kon Banquo nie sien nie - net 'n leë plek.

Banquo se gesig was wit en sy klere was met bloed bevlek. Hy het na Macbeth gegluur en niks gesê nie.



“’n Spook!” het Macbeth geskree. “Dit was nie ek nie! Ek het jou nie dood gemaak nie!” maar die spook was weg. ‘n Gemompel het om die tafel gehardloop.

“Gaan uit!" het Macbeth geskree. " Almal van julle. Los my uit.”

Die verbaasde here het gestaan en haastig uit gegaan en hulle het die koning met bekommerde kyke aangestaar.



Binne minute was net Macbeth en sy vrou oor. Hy het na haar en gedraai en gesien dat haar oë vol trane was. “Kan ons ooit vergeet wat ons gedoen het?” het sy gehuil. Macbeth het haar hand gevat en haar probeer troos, maar sy wou nie na hom kyk nie. Moord het hulle uit mekaar gedryf.



# Drie Profesieë



Die wind het oor die heide gehuil en reën het in dik lakens geval. “Ek moet met julle praat, hekse,” het Macbeth geroep. “Waar is julle?” Meteens het hulle verskyn.

“Wat gaan van my word?” het Macbeth geëis. “Vrees Macduff, die Heer van Fife,” het een uit geroep.



“Vrees niks,” het die tweede gesê, “totdat Birnam Woud by Dunsinane Kasteel kom.”

Macbeth het van verligting gesug. “Dit kan nooit gebeur nie,” het hy geglimlag. “Ek is veilig.”

“Vrees geen man,” het die derde heks gesê, “wat uit 'n vrou gebore is nie.”

“Dan het ek regtig niks om te vrees nie,” het Macbeth laggend gesê. “Elke man is uit 'n vrou gebore – selfs Macduff.”

Die hekse het geen antwoord gegee nie. Hulle het vervaag in die reën en was weg.





“My heer?" Macbeth het om gedraai om 'n boodskapper te sien wat geduldig met sy perd wag. “Ja?” het hy gevra.

“Lord Macduff het Prins Malcolm in Engeland gevind,” het die boodskapper gesê. “Hy hoop om hom terug te bring en hom koning te maak.”

Macbeth het bleek geword. “Dan is dit so!” het hy woedend gesê. “Macduff sal vir sy verraad betaal. Beveel my manne om sy kasteel binne te gaan en sy vrou en kinders dood te maak.”



# Die Gety Draai



In Engeland het Prins Malcolm saam met Heer Macduff langs 'n stroompie gesit. Dit was 'n pragtige dag. Voëls het bo-oor gevlieg en die son het geskyn. “Dit is tyd dat jy terug kom Skotland toe,” het Macduff ernstig gesê. “Jy behoort koning te wees. Dit was Macbeth wat jou pa vermoor het – ek is seker daarvan.” Malcolm het niks gesê nie. Hy was diep in gedagte.



Toe breek sy gesig in 'n glimlag. Hy het Heer Ross sien nader kom oor die wei en hy het op gespring om hom te groet. “Heer Ross, my pa se vriend!” het hy geroep.

Maar Ross het nie gelukkig gelyk om hulle te sien nie. “Heer Macduff, ek het iets verskrikliks om jou te vertel,” het hy gesê. “Die tiran Macbeth het jou vrou en kinders vermoor.”




Macduff se gesig het van van hartseer en woede vedraai. Toe hy gepraat het, was sy stem kalm en koud. “Nou sien jy hoekom jy moet terug keer,” het hy gesê. “Goed dan,” het Malcolm gesê. “Macbeth moet gestop word. Môre marsjeer ons na Dunsinane.”



# Macbeth se Laaste Stand



Toe die nuus versprei dat Malcolm op pad was, het die here van Skotland gestroom om by hom aan te sluit. Teen hierdie tyd het almal geraai dis Macbeth wat Duncan vermoor het.



By Birnam Woud het Malcolm sy weermag tot stilstand gebring. “Sny takke van die bome af,” het hy beveel. “Ons sal agter hulle weg kruip wanneer ons Dunsinane Kasteel aanval.”



Soos die weermag gevorder het, weg gesteek agter hul skild van blare, het dit gelyk of die groot woud self beweeg. Van die kante af het Macbeth paniek bevange toe gekyk. Net soos die hekse belowe het, het Birnam Woud na Dunsinane gekom.




‘n Oomblik later het ’n aaklige gil van binne die kasteel gekom en ’n bediende het uit gestorm, sy hande vol bloed. “My Heer,” het hy gestammel, “dis jou vrou. Sy het haarself om die lewe gebring.”

Macbeth het wit geword. Hy het dadelik verstaan – skuld gevoelens het sy vrou hierna toe gedryf. Hy het eensaam en gevoelloos gevoel van vrees. Maar daar was nie tyd om te treur nie. “Bring my swaard,” het hy gebrul. “Ek gee nie om dat Birnam Woud na Dunsinane gekom het nie. Geen mens kan my dood maak nie. Maak die hekke oop!”



Die stryd was hewig. Maar binne minute het Malcolm se soldate die kasteel geneem. Oral het mans gelê en gesterf.



Macbeth het sy kop terug gegooi en gelag. “So, die hekse het my bedrieg,” het hy gesnur. “Nou maar goed dan. Ek sal ten minste baklei tot ek sterf!” En hy het na Macduff gehardloop.



Macduff het in 'n gang af gekruip, op soek na Macbeth.

Hy het 'n geluid agter hom gehoor, en omgedraai om Macbeth te sien, met sy oë wat vlammend was.

“Jy kan my nie dood maak nie,” het Macbeth gespot. “Niemand wat uit 'n vrou gebore is, kan my seer maak nie.”

“Maak dan gereed om te sterf, jou moordenaar,” sê Macduff grimmig. “Want ek is nooit gebore nie! Ek is uit my ma se lyk gesny.”



Die twee mans het soos demone baklei. Hulle swaarde het deur die lug geflits en teen mekaar gebots. Toe gly Macbeth skielik. Hy het sy hand uit gesteek om homself te vastheid te gee, maar dit was te laat. Macduff se swaard was op gelig, gereed om hom te tref.

Binne 'n oomblik het die lem afgekom en alles was verby.



“Geluk Malcolm…. Koning van Skotland …” het Macduff gehyg.

Macbeth het dood op die grond gelê, waar sy magsgierigheid hom gebring het. Sy bloedige dade het tot die bloedigste einde gelei.




THINK